

Sekerheidswaan

Uitgawe 110: Mei 2025

Onsekerheid is 'n onvermydelike deel van die lewe, en nêrens is dit duideliker as in finansiële markte nie. Met wêreldekonomieë wat gemengde seine uitstuur en media-opskrifte wat onstuimigheid voorspel, is dit natuurlik om oorweldig te voel. Voortdurende onsekerheid gekombineer met die onmoontlikheid daarvan om te weet wat mense volgende gaan doen, is die werklikheid. Robert Greene, 'n skrywer oor strategie het eens geskryf: *"Die behoefte aan sekerheid is een van grootste kopsiektes."* Dit veroorsaak dat sommige mense na die wêreld kyk asof dit 'n reuse Excel-sigblad is, sonder om die kompleksiteit en dikwels chaotiese aard daarvan te erken.

Die sleutel tot langtermyn finansiële sukses lê nie daarin om onsekerheid te vermy nie, maar eerder om dit te verstaan en tot jou voordeel te gebruik. Margaret Heffernan, in haar boek *Uncharted*, beklemtoon dat veerkragtigheid, en nie voorspellings nie, die sleutel tot sukses in 'n onvoorspelbare wêreld is. Ons moet eerder aanpasbaarheid aanmoedig, want die geskiedenis toon dat **dié wat optimisties bly en onsekerheid omhels, geneig is om te floreer.**

Die illusie van sekerheid

Ons smag natuurlik na sekerheid en soek duidelike paaie en voorspelbare uitkomst. Hierdie behoefte verduidelik ons obsessie met voorspellings, geld-eenheids-tendense en finansiële neigings. Tog is die realiteit dat geen kenner of algoritme die toekoms met absolute presisie kan voorspel nie. Net soos weerpatrone, word finansiële markte gedryf deur ontelbare faktore soos ekonomiese tendense, geopolitieke gebeure en belegger-sielkunde – al hierdie faktore kan onverwags verander. Howard Marks stel dit eenvoudig: *"Niemand kan betroubaar voorspel wat die toekoms inhou nie... maar baie mense oorskakel hul vermoë en probeer dit tog. Om sekerheid te vermy, kan jou uit die moeilikheid hou."* Dit is eenvoudig so; ons weet nie hoe finansiële markte gaan reageer nie.

In plaas daarvan om sekerheid te soek, fokus suksesvolle beleggers op deeglike risikobestuur, sowel as langtermyn strategiese beplanning. 'n Betroubare finansiële adviseur kan 'n waardevolle hulpbron wees, wat help om geraas uit te sif, realistiese verwagtinge te skep en te help met besluite wat gebaseer is op gesonde beginsels eerder as onrealistiese beloftes. Om so 'n professionele persoon te hê, in oomblikke van twyfel, kan enige persoon help koers om koers te hou en impulsiewe besluite te vermy.

Die strewe na 'n gewaarborgde, hoë-opbrengs, risiko-vrye belegging lei dikwels tot swak besluite of, erger nog, 'n bedrogspul. Ons weet dat mense aanhoudend ingetrek word in hierdie twyfelagtige aanbiedinge deur die lokmiddel van ongelooflike opbrengste. Dink aan Herman Pretorius, Louis Liebenberg en Mirror Trading – die lys gaan aan...


Gebruik markskommeling tot jou voordeel

Dink aan die aandelemark as 'n tuimeltrein. Dit kan opwindend wees, onvoorspelbaar en kan jou soms ontsenu. Die enigste werklike verliese gebeur wanneer beleggers, terwyl dit aan die beweeg is, uitspring. Markdalinge, hoewel ontstellend, bied gewoonlik unieke geleenthede. Histories het dié valle geduldige en gedissiplineerde beleggers die kans gegee om gehalte-bates teen winskopie pryse aan te skaf, wat die grondslag vir toekomstige bo-gemiddelde opbrengste bied. In plaas daarvan om markskommeling as 'n bedreiging te sien, moet dit beskou word as 'n inherente

kenmerk van belegging wat benut kan word vir kapitaalgroei.

Die natuurlike oppe-en-afte weerspieël belegger-sentiment en breër ekonomiese siklusse. Dit is bloot die meganisme waardeur markte aanpas en bates herwaardeer. Ervare beleggers besef dat tydelike afnames dikwels gevolg word deur herstel en 'n langtermyn opwaartse tendens. Markte wissel meer as ekonomiese en maatskappye. Dit is as gevolg van die onvoorspelbaarheid van beleggers se psige of emosies.

'n Ingeligte perspektief – deur 'n ervare vertroueling – kan onsekerheid in 'n strategiese voordeel omskep. Deur 'n langtermyn-visie te behou, portefeuljes te herevalueer wanneer dit nodig is en geleenthede te benut wat in onstuimige tye ontstaan, kan beleggers markskommeling tot hul voordeel gebruik eerder as om daarvoor bang te wees.



REALITY

Navigeer 'n onsekere toekoms

Hou hierdie kernbeginsels in gedagte om die meeste uit markskommeling te haal:

- **Bly Belê** – Om die markbewegings te probeer voorspel, is 'n mite. Die beste dae in die mark volg dikwels op die slegstes.
- **Wees Bewus van Emosies** – 'n Impulsiewe reaksie kan langtermyn finansiële sukses ontspoor.
- **Sinnvolle Diversifikasie** – 'n Goed gebalanseerde portefeulje help om markbewegings te bestuur en versprei risiko en geleenthede effektief.
- **'n Finansiële Plan** – Korttermyn skommeling verander nie die grondbeginsels van 'n gesonde langtermyn finansiële strategie nie.

'n Paar slotgedagtes

Ons moet ophou wag vir die "perfekte" tyd om te begin spaar en eerder fokus op wat ons kan beheer, soos verstandige diversifikasie, langtermyn-denke en gedissiplineerde finansiële gewoontes. Howard Marks bied hier waardevolle insig: *"Twyfel is nie 'n aangename toestand nie, maar sekerheid is absurd."* Die werklikheid is dat onsekerheid nie iets is om voor bang te wees nie, maar eerder iets wat verstaan en ingesluit moet word in jou besluitneming. Beleggers wat onsekerheid erken, buigsaam bly en die strik van valse selfvertroue vermy, is meer geneig om blywende finansiële sukses te behaal.

Deur markskommeling as 'n geleentheid eerder as 'n bedreiging te beskou, kan ons meer selfversekerde finansiële besluite neem. 'n Betroubare finansiële vennoot kan perspektief, strategiese insig en die versekering bied om op koers te bly, selfs wanneer markte onstuimig is. Moenie huiwer om ons te kontak indien jy dalk vrae het nie.